Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 11 Oktober 1950 | Prys 3d. | No. 47

# NOG NET TWAALF JAAR VAN AFRIKANERBEWIND ?

**„Spr. het die Party geluk gewens met sy vordering. Die Nasionale Party het gekom om minstens vyftien of twintig jaar te regeer", so lui 'n verslag in Die Burger van dr. Malan se toespraak te Kimberley voor sy kongres verlede Dinsdag.**

Dr. Malan het 'n baie optimistiese toon aangeslaan sover dit die partypolitiek betref, en sy inleiding was daarop toegespits om die vooruitgang van die party te beklemtoon. Die termyn van „minstens vyftien jaar" is dus in hierdie hoopvolle stemming omskryf. Presies hoe lank is dit?

**Dit is op een jaar na net so lank as wat die ou Suid-Afrikaanse Party sedert 1910 die land regeer het en net so lank as wat wyle genl. Hertzog eerste minister was.**

As ons vandag aan albei hierdie bewindstermyne terugdink dan lyk hulle maar baie kort selfs in die kort bestaan van ons volk. As verder bedink word dat byna drie van die vyftien jaar reeds agter die rug is, dan bly daar nog net twaalf jaar oor om die minimum-grens van dr. Malan se bewindskatting te bereik.

**Hoe lank is dit? Dit is maar drie jaar langer as wat wyle genl. Smuts se Empire-bewind sedert 1939 geduur het.**

**En wat dan? Dan is alles weer verlore wat deur die huidige bewind met soveel hitte en beroering opgerig is. Dan word al die werk weer ongedaan gemaak en begin die stryd van vooraf aan. Dan word die Afrikaner weer „toegeploeg."**

**In sy manifes van 28 Junie jl. het die Grootraad van die Ossewabrandwag gesê dat onder die huidige staatstelsel die stryd nooït beslis word nie, want die oorwinnings wissel mekaar af soos die onderskeie partye òf regering òf opposisie is.**

**„Die Engelse oorwinnings van 1939 en 1943 het doodgeloop in die Afrikaneroorwinning van 1948. Maar moet hierdie oorwinning ook doodloop in 'n volgende of daaropvolgende nederlaag?" aldus die manifes.**

**Op hierdie vraag antwoord dr. Malan nou self bevestigend. Oor twaalf jaar sal die Afrikaneroorwinning doodloop, profeteer dr. Malan in optimistiese stemming.**

**„Die O.B. sê nee, die stryd moet beslis word en wel ten gunste van vryheid en die beslissing moet vasgelê word in die partylose Republiek van Suid-Afrika."**

**Sien u die bestaansreg van die Ossewabrandwag?**

# TAKTIESE SUKSESSE GEEN WAARBORG VIR OORWINNING

## FOUT WAT AFRIKANERS BEGAAN

Die groot verkiesingsoorwinning in Suidwes word gevier.

Afrikaners word aangestel in hoë betrekkings.

In talle opsigte het die Afrikaanssprekende geleentheid om homself en sy nasionale aspirasies uit te leef. Daar is wel klagtes van vele wat beter verwag het, dog daar is ook vele wat met minder vrees en meer hoop hulle eie toekoms, veral in staatsbetrekkings, tegemoet gaan.

Dis dan maar 'n voorsmakie van wat uiteindelik verrig kan word, aldus die voorspellings van geesdriftiges. As oor so veel gejuig kan word, vanwaar dan die behoefte aan 'n Ossewabrandwag? So lui die vraag wat uitdruklik of by implikasie gestel word.

### O.B. SE ANTWOORD

Hierop kom die antwoord van die vaderlander wat die O.B. aanhang:

**„Ek is bly oor die voordele wat Afrikaners kan geniet en gun hulle dit.**

**„Ek wil die suksesse van mede-Afrikaners nie misken of verkleineer nie. Die oorwinnings wat behaal word is 'n bewys van lewensvatbaarheid. Dog vergeet nie dat die saak ook 'n ander kant het nie!"**

### TAKTIEK IS EEN DING, STRATEGIE 'N ANDER

Alle veldhere het met twee probleme te doen: die taktiese probleem van hoe om die slag te wen; die strategiese probleem van hoe om die oorlog — en

**Deur J. de Vos**

**die vrede wat daarop volg — te wen. In die Tweede Wêreldoorlog het die Bondgenote uiteindelik gewen en selfs nie 'n dwaas sal ontken dat die louere vir die taktiese oorwinning deur die geskiedenis aan hulle toegeken sal word nie. Maar van die kant van die Westerse beskawing beskou, wie sal nou wil volhard met die astrante bewering dat die Weste 'n strategiese oorwinning behaal het? Nie eers Churchill nie.**

Die onderskeiding kan ook binne die engere perke van die verloop van die oorlog self getrek word. **Duitsland het van die skitterendste oorwinnings van die geskiedenis behaal. Takties is talle veldslae gewen. Strategies is die oorlog onherroeplik verloor.**

### WAT VAN AFRIKANER-STRATEGIE?

Die O.B. is bewus van groot oorwinnings wat alhier behaal is en ander wat nog behaal kan word. **Die O.B. beweer egter dat onder die huidige staatkundige reëlings die skitterendste oorwinnings slegs taktiese voordele kan bring — en daarmee alleen is geen geskiedkundige beslissing nog ooit gevel nie.**

### AL SOU DIE VERENIGDE PARTY VERDWYN

Aangenome dat die Verenigde Party tot sy versplinterde uiteinde verbrokkel, dat die nasionale regering binne die partypolitieke raamwerk waaraan hy gekniehalter staan, die allergrootste suksesse behaal en beoogde wetgewing passeer, **dan nog beweer die O.B. dat die stelsel soos hy staan, gevestig op partypolitiek, homself ewiglik leen tot die herrysenis van verdeeldheid. Geen oorwinning is ooït finaal nie, want die stelsel roep om 'n opposisie. Geen lewensbeskouing, hetsy goed of sleg, kan die grense van sy partytuiste oorskrei nie. Hy is ingekerker by sy eie en uitgesluit uit die ander, gedoem tot 'n muilebestaan van onvrugbaarheid. Die gelowiges bly bekeerd dog die „heidene" bly onaangeraak.**

### PARTYE SE OORWINNINGS SLEGS TEGNIESE OORWINNINGS

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat selfs die grootste partypolitieke oorwinnings wat ons geskiedenis ken, wel tegniese oorwinnings van omvang was, dog in terme van getalle stemme wat oor en weer skuif was die swenking oppervlakkig en gering. Die harde kern van onbekeerdes aan albei kante van die party-omheinings gluur nog ewe verbete na mekaar — en na die „swakkere broers" wat hulle deur gesonde argumente durf laat oortuig het. Dis mos „verraad."

### PARTYTROU IS STERK, NASIONALE TROU IS SWAK

So was dit gister en so sal dit môre bly as ons nie die groot politieke trusts wat partybelang eerste stel kan beteuel nie. **Hierdie monopolieë is nie die produk van kwaadwilligheïd nie, dog die onvermydelike vrugte van ons Westminsterse staatstelsel, hier oorgeplant vir die bevordering van erosie op vaderlandse bodem.** Tussen die swaarbewapende partybeskouings voer die ware nasionale beskouings 'n aspoester-bestaan.

### DIE VERENIGDE PARTY SE LAAGTEPUNT

Die Verenigde Party se verwagte laagtepunt is besmoontlik die vooraand van hernude lewe vir homself of 'n ander wat sy boedel sal erf. Veldmaarskalk Smuts het die fout begaan om te meen dat sy taktiese verkiesingsoorwinnings strategies doeltreffend is. **Toe hy gemeen het dat sy standpunte nasiewyd aanvaar word en die loop van sake oor 'n lang tydperk gaan bepaal is hy ontnugter en verslaan. Die verwarring van taktiek met strategie was 'n duur flater. Daarvoor word nou betaal. As die Afrikaner dit op sy beurt begaan sal hy ook die rekening ontvang.**

### 'N OORWINNENDE AFRIKAANSE LEWENSBESKOUING

As ons nie daarin kan slaag om ons Afrikanerstandpunt so-

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

# Dr. Van Rensburg Roep Op

**Dr. Hans van Rensburg doen 'n dringende oproep op offisiere en**



DR. VAN RENSBURG.

**brandwagte om die Uniale laertrek op 7 en 8 November by te woon en hy onderstreep die belangrikheid van die laertrek in die volgende paar pennegrepe:**

**Wat die ander implikasies van die O.B.-laertrek ook mag wees, een ding staan vas: as daar ooit 'n tydstip in hierdie geslag van die Afrikanerdom was waarop helderheid en rekenskap ten opsigte van die republikeinse ideaal dringend en gebiedend nodig was, dan is dit nou. As daar ooit 'n tyd was waarin die Ossewabrandwag 'n roeping gehad het om te vervul, dan is dit nou.**

Tydens die oorlogsjare het die O.B. die spit afgebyt vir die republikeinse gedagte van die Afrikanerdom; na die oorlog hoef hy niemand se toestemming te vra om 'n woordjie mee te praat as mense die republikeinse gedagte wil verwater nie.

## GEBIED E SE LEIER ROEP OP

**Mnr. J. G. S. Opperman, Gebiedsleier Gebied E, Suid- en Wes-Transvaal, skryf:**

Geagte Offisiere en brandwagte,

Op 7 en 8 November hou die Ossewabrandwag sy derde Uniale laertrek in Bloemfontein.

Ek doen dus 'n ernstige beroep op die offisiere van Gebied E om alles in hulle vermoë te doen om die laertrek by



te woon. Laat die ou kameraadskap nie verflou nie, maar kom in groot getalle op, ook rustende offisiere is welkom en manskappe.

Ek besef die groot opoffering hieraan verbonde; maar laat geen opoffering te groot wees nie, u het in die verlede nooit op u laat wag nie, maar altyd trou op u pos gestaan. Ons verdere voortbestaan hang van u af, kom dus en laat ons saam beraadslaag. U ken u plig; laat ons elkeen dus sy deel doen.

Met die meeste hoogagting en waardering vir u deel in die verlede, wag ek op u.

## Om Gebiede Van Naturelle Te Ontwikkel

**'n Voorstel dat Afrikaanse nyweraars dit op hulle moet neem om 'n maatskappy sonder winsbejag te stig met die doel om plaaslike nywerhede in die naturellegebiede aan te voor, is verlede week deur die Ekonomiese Kongres in Bloemfontein aanvaar.**

**Mnr. Anton Rupert wat die voorstel gedoen het, het aan die hand gedoen dat 'n Bantoeontwikkelingskorporasie met 'n kapitaal van £5,000, wat deur die Afrikaner voorgeskiet word, gestig word.**

## Genl. Franco Oor Die V.V.O.

„Dit is verspot dat vraagstukke wat slegs een bepaalde gebied raak, opgelos moet word in stryd met die regmatige belange van die betrokke groep, deur 'n groep volke wat uit die uiterste uithoeke van die aarde vergader."

'n Staking wat verlede week deur die Kommuniste in Weenen gereël was, het op 'n mislukking uitgeloop daar minder as een-derde van die werkers daaraan gehoor gegee het.

DIE O.B., WOENSDAG, 11 OKTOBER 1950

# VERLOOR OMDAT ONS ONS BRITS GEDRA

Soos alle ander sake het ook immigrasie 'n partypolitieke strydvraag geword. Dit was nog in die oorlogsjare dat 'n vooraanstaande lid van die Verenigde Party in 'n vlaag van politieke selfversekerdheid belowe het dat die teenparty uitgewis sou word deur onderploeging van die Afrikanerdom met 'n paar miljoen immigrante. Kort na die oorlog is daar dan ook reëlings getref vir die invoer van soveel duisende „goeie en slegte" vreemdelinge uit Brittanje as wat aangelok en opgespoor kon word. Die propaganda wat vir die bevordering van hierdie toeploeg-plan gebruik is, het sulke utopiese hoogtes bereik dat menige immigrant 'n paar weke na sy aankoms in Suid-Afrika vol teleurstelling teruggekeer het na „Home". Sulke teruggekeerdes het daar werk van gemaak om hul landsburgers in die pers te waarsku en toe die Engelse pers nog boonop na die verkiesing in 1948 die toekoms van Suid-Afrika in die donkerste kleure begin skilder in die hoop dat dit tot die val van die nasionale regering sou lei, het die immigrasiesyfer van 35,000 per jaar plotseling gedaal na 6,000.

**Die tekort aan arbeid in ons ontwikkelde nywerhede laat hom dan ook tans so sterk voel dat min. Dönges verlede week 'n verklaring oor die werwing van arbeidskragte in die buiteland moes uitreik.** Opnames sal gemaak word en daarna sal die tekort deur middel van immigrasie aangevul word. Op die oomblik word die syfer van 25,000 vir die volgende paar jaar genoem.

## VANSELFSPREKENDE BESKULDIGING

Met die daling in die immigrasiesyfer, waarvoor die Verenigde Party self verantwoordelik was, is die Malanbewind deur die opposisie beskuldig dat hy immigrasie verongeluk. Die motief was duidelik genoeg: Immigrasie was in die verlede die vernaamste versterkingsbron vir die Verenigde Party met sy Britse standpunt. Dit lê dus voor die hand dat hy kan verwag dat die party aan bewind hierdie bron sover as moontlik sal beperk terwille van eie veiligheid. Dat die Herenigde Party deur nywerheidseise gedwing kan word om self 'n immigrasiewerwingsveldtog van stapel te stuur wat per slot van rekening in terme van stemme sy teenparty sal bevoordeel, klink nogal ironies. Die gevaar kan natuurlik enigsins omseil word deur immigrante ook van die Europese vasteland te werf. **Maar nou is dit 'n feit dat selfs taalverwante immigrante in die verlede in ons stede verengels het en dus eintlik bygedra het tot die krag van die Verenigde Party.**

**Maar dit is nie net 'n partypolitieke saak nie. Die posisie van die Afrikanervolk is sterk gemoeid daarmee. Ons staan voor die dilemma dat om uitvoering te gee aan die taak waartoe blank Suid-Afrika geroep word, ons versterking op groot skaal uit die buiteland nodig het, maar dat so 'n toestroming die onderploeging van die Afrikanerdom kan beteken, waarmee 'n politieke party reeds gedreig het. Laat ons maar heeltemal eerlik wees met die saak. Net soos die Rhodesiërs op die oomblik die instroming van Afrikaners vrees as 'n bedreiging vir die oorheersende posisie van die Engelse bevolkingsgroep, net so vrees die Afrikaner die instroming van immigrante wat die Engelse groep hier sal versterk.**

## PARTYPOLITIEK DRA SKULD

**Ook in hierdie geval moet die partypolitiek 'n hoë rekening vir homself neem, want dit is die partypolitiek wat hierdie stryd tussen die volksgroepe lewend hou en belet dat daardie volksgroei plaasvind wat Amerika tot 'n verenigde nasie gebind het.** In die stede lees die nuweling hoofsaaklik die Engelse koerante wat kampvegters is vir 'n party wat die Engelse standpunt wil bestendig en teen die tyd dat hulle behoorlik wortel geskiet het, is hulle al klaar in die politieke kamp van die Afrikaner se teenstanders. **En dit help eenvoudig niks dat ons mooi beroepe op die volk doen om „nasionale eenheid" te bevorder solank die fondamente van ons politieke lewe voorsiening maak vir amptelike volksverdeeldheid nie. Die partypolitieke regeringstelsel vereis politieke oorlog. Die volk moet ingedeel word in twee vegtende leërs; en wat bied 'n gunstiger verdeling as juis dié van taal en afkoms? Solank ons die partystelsel handhaaf sal ons 'n politieke party hê vir die Afrikaners en 'n politieke party vir die Engelse. Dit is die mees natuurlike skeidslyn in ons land solank politiek tot die blankes alleen beperk word, en geen blote oproep, hoe mooi ook al, vermag iets daarteen nie. Immigrasie kan dus nooit 'n volksaangeleentheid wees nie, maar moet noodwendig die partystryd beïnvloed en op sy beurt deur die partystryd beïnvloed word.**

**Immigrasie kan alleen tot sy reg kom wanneer ons 'n volk en staat het met 'n eie stempel wat hy op die vreemdeling kan afdruk, en daardie stempel sal ontbreek solank ons 'n partystelsel het waarbinne daar gewedywer word om 'n Britse en Afrikaanse stempel af te druk. Dit sal ook ontbreek solank Suid-Afrika 'n aanhangsel van die Britse Ryk is, waardeur hy in die oog van elke buitelander 'n Britse entiteit is.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### Die Afrikanernasie

'n Leser uit Port Elizabeth stel vir my pertinent die vraag: Bestaan daar 'n Boerenasie of Afrikanernasie in Suid-Afrika?

My leser skryf: „Ek stel die vraag na aanleiding van ons geagte Eerste Minister se toespraak wat hy onlangs in Durban gehou het. Hy het daar gesê: ‚Ons moet bowe alles ware en troue Suid-Afrikaners wees.' Hy het daarvoor gepleit dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes op so 'n wyse met mekaar moet verenig dat ‚daar uitgestyg kan word bokant die nog bestaande verskillende en andersins ten volle geregverdigde en natuurlike groepslojaliteite'. Dit is vir my vreemde taal uit die mond van die man wie se ‚groepslojaliteit' in 1933 so sterk was dat hy nie eers met die Engelssprekendes wou saamwerk nie.

Ek wil nou vra: As die seun of die kleinseun van 'n republikeinse burger wat in 1899—1902 vir vryheid geveg het, in 1950 getrou bly aan die Boerenasie of Afrikanernasie waaruit hy stam, handhaaf hy dan 'n ‚groepslojaliteit' waarbo hy nou moet ‚uitstyg'? Myns insiens het die Nasionale Party juis ontstaan, gegroei en oorwinnings behaal omdat duisende Afrikaners ten enemale nie wou ‚uitstyg' — soos die Eerste Minister dit noem nie. En was dit maar net ‚groepslojaliteit' wat die Afrikaners in 1938 rondom die Ossewaens laat saamdrom het? Nee, ek dink dit was die bewussyn van hulle Afrikanernasieskap."

### Historiese Onjuistheid

Ek wil my leser se vrae beantwoord met 'n aanhaling, wat vir homself spreek, uit die boek — Generaal J. B. M. Hertzog deur C. M. van den Heever en wel op bladsy 309:

„Sedert Unie is 'n uiters verwarrende en onjuiste teorie verkondig dat met die staatkundige eenwording van Suid-Afrika ook 'n nuwe ‚nasie' gebore is. Met hierdie opvatting as politieke uitgangspunt het die Botha-skool 'n historiese onjuistheid gepropageer, volgens genl. Hertzog, en op die groot nie-denkende massa het dit 'n benewelende uitwerking gehad. **Die Afrikaner het met sy taal en al in hierdie land ontstaan, 'n nuwe nasie het hier geword en Hollandse, Franse en Duitse elemente is opgeneem in die vormingsproses. Daar was dus soiets as 'n Afrikanernasie.** Maar hierdie begrip moes vernietig word want dit was ‚rassehaat om die afsonderlikheid van hierdie histories-gegroeide eenheidskern van bloed en taal te erken en te probeer bevorder. Daarteen was genl. Hertzog in bitter opstand. 'n Nuwe kunsmatige ‚nasie' moes uit die opeenhoping van indiwidue gevorm word, daar moes nie meer soiets as 'n Afrikaner of 'n Engelsman wees nie, maar wel 'n nuwe mens, die Suid-Afrikaner. Dit was 'n poging om vir die immigrant wat pas aan wal gestap het, dadelik 'n volwaardige plek, naas mense wat geslagte verbonde was met die bodem, in te ruim in die nuwe ‚nasie', en om die idee van 'n eie nasie, wat met diep wortels aan hierdie aarde verbonde is, in onguns te bring, omdat dit dan die ou uitlander-opvatting lewendig sou hou en 'n onderskeid maak wat rassevrede versteur."

Genl. Hertzog se stryd was vir die behoud en selfverwesenliking van die Afrikanernasie in Suid-Afrika.

### Die Suid-Afrikaanse Nasie

Dit blyk nou dat 38 jaar nadat wyle genl. Hertzog hierdie stryd vir nasionalisme in Suid-Afrika aangeknoop het daar tans drie opvattings oor die begrip „nasie" bestaan.

Wyle genls. Botha en Smuts het ooreenkomstig hul konsiliasie-beleid sowel die bestaan van 'n Afrikanernasie as van 'n Afrikaner-„seksie" misken. Hulle het verlang dat die Afrikaner sy verlede moet vergeet ten einde te kan konsilieer met ander seksies van die Suid-Afrikaanse bevolking om sodoende 'n nuwe en kunsmatige Suid-Afrikaanse nasie te vorm. Daarom het hulle dit rassehaat genoem as die Afrikaners veg vir hul taal, kultuur en regmatige plek in die administrasie van die land. Hierdie opvatting het genl. Hertzog geheelenal verwerp.

Dr. Malan, ooreenkomstig sy Durbanse beleid van „eenheid sonder rassehaat" misken blykbaar wel die bestaan van 'n Afrikanernasie **maar nie van 'n Afrikaner-„seksie" nie.** Daarom beskou hy dit nie as rassehaat as die Afrikaner-„seksie" veg vir sy taal, kultuur en regmatige plek in die administrasie van die land nie.

Maar dr. Malan pleit ook vir die vorming van 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie. Daarom versoek hy dat die Afrikaner-„seksie" moet „uitstyg" bokant hul „groepslojaliteit" en hul geskiedenis moet afskryf as die „dooie verlede" ten einde te kan opgaan in die kunsmatige Suid-Afrikaanse nasie.

### Die Weg van Nasionalisme

Daarteenoor staan die nasionale rigting wat bepaal dat die Afrikanernasie 'n histories-gegroeide eenheidskern van bloed en taal is wat bestemd is om te regeer in Suid-Afrika. Ooreenkomstig hierdie opvatting kan „eenheid sonder rassehaat" verkry word deurdat die Afrikanernasie onbevreesd bereid moet wees om assimileerbare elemente uit die Suid-Afrikaanse bevolking te absorbeer — mits daardie elemente die belange van Suid-Afrika eerste stel en met dien verstande dat hulle as gelykwaardige lede van die Afrikanernasie behandel sal word.

Dit is die weg van nasionalisme in Suid-Afrika, en dit sal die weg van nasionalisme in Suid-Afrika bly.

# Afrikaners Gaan Arbeidsmark Oorheers

**In 'n referaat oor: „Die Afrikaanse Onderneming, die Verbruiker en die Werker", het prof. dr. S. Pauw voor die tweede Ekonomiese Volkskongres in Bloemfontein verklaar dat die meeste stadsberoepe gaandeweg in toenemende mate deur Afrikaners gevul word en dat daar tewens in die geledere van die Afrikaner 'n verskuiwing plaasvind van die ongeskoolde, laagbesoldigde arbeid na die beter geskoolde, beter besoldigde beroepe.**

**Prof. C. G. W. Schumann het in sy referaat: „Die Afrikaner in die Handel", 'n skatting gemaak van die toekomstige toename van die Afrikaner se aandeel in die arbeidsmark.**

Prof. Pauw het die statistieke van 1939 en 1948 ontleed en daaruit afgelei dat in dié nege jaar die getal Afrikanermans in die stede met 84 persent toegeneem het, vergeleke met 'n toename van 21 persent in die getal nie-Afrikaanse blanke mans.

Die persentasie Afrikaners uit die totale aantal blanke mans in verskillende beroepsgroepe het die meeste gestyg in die volgende beroepe: spoorwegwerkers, fabriekswerkers, timmermans, messelaars, monteurs, klerke, staatsamptenare en onderwysers. In verskeie van die beroepe is die Afrikaner reeds in die meerderheid.

**Dr. Schumann kom tot die gevolgtrekking dat in 1961 die toename in die aantal manlike werkers ongeveer 13,000 sal wees. Van hulle sal 10,000 Afrikaanssprekend en 3,000 Engelssprekend wees.**

**Die verbasende verhouding van 10 teen 3 word bereik deurdat die persone wat tot die arbeidsmark toetree, oorwegend Afrikaanssprekend is, terwyl die persone wat uittree meer gelykop verdeel is.**

Selfs met aansienlike immigrasie en op die veronderstelling dat slegs 20 persent van die immigrante en hul kinders Afrikaanssprekend sal word, sal die oorgewig aan Afrikaanssprekendes op die arbeidsmark nog aansienlik wees, want dr. Schumann bereken dat vanaf die sensusjaar 1946 tot 1961 elke jaar ongeveer 18,500 Afrikaanse seuns werk sal moet vind.

*'n Eie Suid-Afrikaanse Staatstelsel.*

# WYE VERTEENWOORDIGING BINNE MODERNE „TWEEDE VOLKSRAAD'

**Ons het gedurende die afgelope twee weke stilgestaan by die Tweede Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hierdie instelling is ook op 31 Mei 1902 finaal beëindig en ons moet nou vasstel of hierdie deel van ons verlede ook iets waardevols besit, waarop ons ons toekoms kan bou.**

Deur A. J. van Rooy

Ten eerste gee die geskiedenis hier uitspraak wanneer ons moet besluit of die wetgewende vergadering in 'n suiwer Suid-Afrikaanse stelsel uit een of te wel twee „huise" moet bestaan. Die antwoord is: twee, nl. 'n volksraad, wat die hoogste wetgewende gesag sal wees, en 'n tweede wetgewende vergadering, ondergeskik aan die Volksraad. Hierdie tweede liggaam moet alle wetgewing wat meer gespesialiseerde kennis vereis, soos wette oor die nywerheid, handel, banke, bouverenigings, maatskappye, insluitende assuransiemaatskappye, voorberei en daarna deurstuur na die Volksraad vir finale aanname. Dat 'n sodanige „Tweede Volksraad" baie meer werd sal wees en 'n veel meer positiewe bydrae tot die wetgewing van die land kan lewer, as byvoorbeeld die bestaande senaat, lê voor die hand.

### SAMESTELLING

Die samestelling van 'n moderne Tweede Volksraad sal egter op 'n ander wyse moet geskied as in die ou Transvaalse Republiek. In daardie dae het kennis van die nywerheid en mynwese hoofsaaklik berus by die uitlanderelement. Die Tweede Volksraad kon dus van 'n eie identiteit voorsien word deur die stemreg daarvoor uit te brei tot die uitlanders, en sodoende kon die nodige kragte ook verkry word. Vandag is dit nie meer uitlanders wat ons leiers op ekonomiese en tegniese gebied is nie. Vandag is dit mense soos Frikkie Meyer, H. J. van Eck, M. H. de Kock, M. S. Louw, Frans du Toit, A. M. Jacobs, Etienne Rousseau, om maar net 'n paar name te noem. **Dit word nie verwag dat een van hierdie mense in die naaste toekoms volksraadslede sal word nie — tensy hulle „tot die politiek toetree", wat onwaarskynlik is. Tog het ons hier met mense te doen wat met die wetgewing op ekonomiese gebied kostelike werk kan lewer. Waarom dit nie vergemaklik deur die instelling van 'n „non-politieke Tweede Volksraad" nie?**

### VOORBEELD

Weer kom die vraag: „Ja, maar hoe?" Minister Havenga het reeds ten dele die weg aangedui met sy Nasionale Finansiekorporasie, waarvan die direksie op 'n heel „demokratiese" wyse gekies word. **Die banke kies hulle verteenwoordigers, die bouvereniging hulle s'n, die beherende mynmaatskappye hulle s'n, die assuransiemaatskappye hulle s'n ens. Die eerste jaarverslag van die Nasionale Finansiekorporasie het onlangs verskyn. Nieteenstaande die rentekoers op deposito's maar ¾% is, is £70,000,000 op die wyse belê. Hierdie instelling is 'n groot sukses en die wyse waarop die direksie saamgestel is, het nie min daarmee te doen nie.**

### BEROEPSVERTEENWOORDIGING

Daar kan gerus oorweeg word om die senaat af te skaf en liewers 'n liggaam daar te stel, waar nie politieke partye volgens die provinsies verteenwoordig sal wees nie, **maar die verskillende elemente van ons land se ekonomiese samestelling en wel deur 'n stelsel van beroeps- en belangeverteenwoordiging. Laat die boere hulle verteenwoordiger daar hê, en die mynwerkers hulle s'n. Laat die banke hulle verteenwoordiger daar hê, die bouverenigings hulle s'n en die mynmaatskappye hulle s'n. Die winkeliers en die professionele geroepe kan ook hulle verteenwoordigers hê ens.**

Indien die behuisingsvraagstuk behandel moet word, sal die verteenwoordiger van die bouverenigings wel heelwat op sy hart hê oor die £40,000,000 wat deur die bouverenigings in staats- en ander effekte belê moet word — veral indien die regering van hierdie geld gebruik om self bouvereniging te speel! Moontlik mag die verteenwoordiger van die boubedryf en van die wakers in dié bedryf ook iets byvoeg en kan die hele saak behoorlik deur die verskillende groepe wat daarby belang het uitgepluis word. **Op dié manier sal baie kommissies van ondersoek uitgeskakel word.**

### BELASTING

Verder moet ons onthou dat maatskappye byvoorbeeld ook belasting moet betaal, en dit is niks minder as billik dat sulke ekonomiese belange doeltreffend verteenwoordig moet wees in die wetgewende gesag van die land nie, en wel deur die (vervolg op bladsy 4 kolom 5)

# NA DIE LAERTREK

## SAL POSITIEF MOET OPTREE

**Mnr. P. R. Retief (hoofgeneraal), Ceres, skryf:**

In die oorlogsjare het die Ossewabrandwag groot en roemryke take vervul. Hy was 'n toevlugsoord vir duisende vervolgde Afrikaners met hulle afhanklikes en het dus getrou gebly aan sy eed „Ek sal my



mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat of aan die vyand uitlewer nie." Hy het die siel van die Afrikaner gered deur te weier om voor die vyand te kruip.

Hy het die ideaal van republikanisme hoog en lewendig gehou.

Hy was die organisasie wat by uitstek Afrikaanse geskiedenis gemaak het en nog baie meer.

Maar ons kan nie net op ons verlede teer nie, daar moet 'n positiewe toekomstaak wees. Deur negatief op te tree bring ons nêrens. Wat is ons roeping vir die toekoms? Is dit van so 'n aard dat dit die Ossewabrandwag sy voortbestaan regverdig? Hierdie vrae en nog baie meer sal moet beantwoord word op die laertrek wat gehou sal word op 7 en 8 November in Bloemfontein.

Die laertrek is van lewensbelang, dus doen ek 'n ernstige en dringende beroep op alle offisiere en lede om dit by te woon en vernaamlik van my gebied. Die opoffering sal lonend wees vir uself en vir die organisasie wat u so na aan die hart lê.

U kan tog niks anders wees as 'n O.B.-lid nie. Tree nou dadelik en vroegtydig in verbinding met hoofkwartier vir die nodige reëlings.

## TWEE VRAE I.V.M. LAERTREK

**Mnr. S. P. Bekker (genl.), Tarkastad, skryf:**

Ons word opgeroep tot die derde laertrek van die Ossewabrandwag op 7 en 8 November te Bloemfontein.

Nou is daar twee vrae.

Kan en mag ons van die laertrek af wegbly, en as ons wegbly wat is die rede?

Ons het die twee vorige laertrekke nog vars in ons geheue en ons pluk nog die vrugte daarvan. Kan ons ooit vergeet die toejuiging wat daar opgegaan het? Dit het waarlik gevoel of die saal se dak in die lug kan vlie. Is ons dan nie nog dieselfde offisiere en brandwagte nie? Die O.B.-gevoel het nog altyd sterker in ons geword al het die getalle minder geword. En as dit die geval is laat ons almal weer saamtrek en nie tuis bly, omdat een of ander offisier nou bedank het of ons Kommando's nie meer so sterk is nie.

Ek is seker ons sal almal sterker en besiel met die regte gees terugkeer van die laertrek. So laat ons almal gaan en so veel van ons offisiere en brandwagte saamneem om te gaan ondervind wat ons alreeds ondervind het en uitsien om weer saam met ons kamerade te wees.

# STAATSTOESIG OOR HANDEL WORD AS BEGINSEL AANVAAR

**Die tyd van vrye, onbelemmerde handel is vir altyd verby, het dr. M. S. Louw, voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut, verlede Dinsdag in Bloemfontein gesê by geleentheid van die Uniale kongres van die Instituut.**

Hy het gesê dat die algemene beherende wetgewing aanvaar word as 'n noodsaaklike beskerming van die publiek, maar in verband met die onlangse invoerbeheer gekla dat veral Afrikaanse sake deur die maatreël swaar getref is. Daar het 'n noodtoestand in die land ontstaan deur die toedoen van 'n deel van die handelsgemeenskap. **Hierdie deel is deur die invoerbeheer van bankrotskap gered, maar nog meer, onder die formule waarvolgens die invoer beheer word, word voorkeur gegee juis aan die mense wat die noodtoestand veroorsaak het.** Gevestigde belange word beskerm en doeltreffendheid in die handel word nie in die hand gewerk nie. Die jongere sake, waaronder die oorgrote meerderheid van die Afrikaanse sake tel, het die aspoesters van die handel geword.

Dieselfde geld vir die toestaan van kwotas vir skaars goedere. Al hierdie maatreëls het byna monopolistiese toestande geskep. By die regering is gekla, en in sommige gevalle is tegemoetkomendheid verleen. „Daarvoor is ons dankbaar, maar ons sal steeds op groter toegewing aandring, nie alleen in belang van ons eie lede nie, maar ook in die algemene landsbelang", het dr. Louw gesê.

## Verkeerde Snor

„Julle groot fout was om te verkies om vir die man met die groot snor te veg teen die man met die klein snortjie", het 'n Italiaanse sakebestuurder hierdie somer aan my gesê. „Sien jy", het hy voortgegaan, „die man met die klein snortjie was van dieselfde ras soos ons is, ons kon mekaar verstaan het. Die ander man is 'n Oosterling en heeltemal 'n raaisel."

H. F. Mills in „Peoples Post."


*SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .*

**'n Operasie was dringend nodig!**



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bleek en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—*sonder rente*—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . . .

● **Hoe sou U in so 'n noodgeval vaar? Sou U 'n bron hê waar u gehelp kan raak? Vir u eie ontwil en die van u gesin, vra VANDAG hoedat Sanlam u in tyd van nood kan help.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*

Waalstraat 28, Kaapstad.

Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.*

NAAM: ....................................

ADRES: ....................................

*Beroep:* ................ *Ouderdom volgende Verjaarsdag* ...... C2

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. **Vooruitbetaalbaar. Vir** herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. **afslag.**

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Kafferwinkel op 7, 8 morg grond in Maclear-distrik aan Kafferland. Vyftien myl vanaf Maclear. Twintig morg vrugbare land, goeie weiveld. Woonhuis van drie vertrekke, ses rondawels en klein vrugteboord. Prys £2,000. Verband £750 kan oorgeneem word. Navrae: **Nel en Seun, The Falls, P/s Maclear.** 11/10/4B

### WIE KAN HELP

Afrikaner, dertig jaar, agt jaar ondervinding van gemengde boerdery soek betrekking as voorman of plaashulp. Kaffertaal (Xosa) magtig. Navrae: **Adverteerder, The Falls, P/s Maclear.** 11/10/3B

Ek is 'n Afrikaner met goeie ondervinding van vee asook graanboerdery. Wie in Suidwes het so een nou nodig vir opsig met 'n goeie vooruitsig. Wil graag boer.—**J. A. van Zyl, No. 837, P.K. Skerpioenpunt, Oor Prieska.** 4/10/3B

### BEESTE

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

### TE KOOP: POTCHEFSTROOM PLOTTE

10 — 25 morge. Sagte vrugbare grond. Sterk water. 3 — 5 Myl van poskantoor. Aan groot pad. Busroete. Goeie marke. Beste skole. Goeie toekoms. Raadpleeg **G. A. Liebenberg, Kerkstraat 53, Foon 1119, Potchefstroom.** 27/9/4



**GEKOOP vir £3,000**

***WEGGEGEE vir £5!***

—die moontlike bedrag wat hy „gespaar" het deur sonder Brand-assuransie te wou klaarkom!

Maak SEKER van die besit van *U* eiendom, deur

**'n SANTAM-brandpolis!**

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-2a

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder hæregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### TE KOOP

**Patatranke.—**Eersteklas sesmaande teen 7/- per 80 pond sak. Goeie behandeling gewaarborg.—**G. S. Terblanche, Pos Gannakraal, Dist. Mosselbaai.** 6/9/8

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

# NA DIE LAERTREK

(Vul hierdie vorm in as u na die Uniale Laertrek wil gaan en nog nie kennis gegee het nie)

Die Stafhoof,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Ek/Ons, die ondergetekende(s) gee hiermee kennis dat ek/ons die laertrek van die Ossewabrandwag op Bloemfontein sal bywoon.

Ek/Ons sal arriveer op ........................................ en vertrek weer op ....................................................

| NAME. | ADRESSE |
|---|---|
| ................................ | ................................ |
| ................................ | ................................ |
| ................................ | ................................ |
| ................................ | ................................ |

Ek/Ons sal self vir my/ons losies sorg;
of
Ek/Ons wil in die Tentelaer tuisgaan;
of
U moet losies bespreek vir my/ons.
(N.S. Skrap wat nie van toepassing is nie.)

**Datum:.......................... Handtekening:..........................**

Hierdie vorm moet voor en nie later nie as 18 Oktober aan bovermelde adres gestuur word.

As omstandighede vereis dat u die vorm ná 18 Oktober moet aanstuur, pos dit dan aan: Mnr. S. Kamffer, Posbus 668, Bloemfontein.

Op ontvangs van hierdie kennisgewingvorm sal, na 18 Oktober, 'n toegangskaart met besonderhede oor losies aan u gepos word.

# IS LEWENSDUURTE VIR SOMMIGE HOËR AS VIR ANDER?

**Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:**

Hierdie brief sluit die onderwerp Lewensduurtetoeslag af. Ek het kon dink dat die Minister van Arbeid van sy loonaanmoedigingsplan sou moet afsien. Voor my lê die verhoogde lewensduurtetoelae-skale wat vanaf 16 deser van toepassing sal wees op persone wat nie staatslone of nywerheidsversoeningsloon trek nie.

Die verhoogde skaal het nie ruimte in die Regeringspers se voorblad geregverdig nie. Dit blyk dat tegnici, kantoorklerke en vakmanne wat van £4 tot £18 per week loon en £1/2/- aan lewensduurtetoelae (l.d.t.) verdien het, voortaan 'n maksimum toelaag sal kry wat varieer van 27/3 tot 32/- in die week. Daarmee sal die verlangde tevredenheid nie bereik word nie want dit is bekend dat die tegnici wat u koerant druk £5/14/6 loon en £3/16/9 l.d.t. ontvang, as minimum. Dit meen dat lewensduurte wat die N.V.W.-bedryf aangaan met sowat 66% toegeneem het en die man wat kragtens 'n ander Loonwet £5/10/- loon en 29/- l.d.t. gaan ontvang, se lewensduurte met 26½% toegeneem het. Is die een teveel of die ander te min?

Nou, iets aangaande die beloofde uiteensetting met betrekking tot Nywerheidsversoeningsdiskriminasies.

### ONREËLMATIGE TOEPASSING

Die bedryf waaraan u, as uitgewers behoort, lê neer dat Kimberley 5% meer aan saamgestelde loon en l.d.t. as Port Elizabeth betaal hoewel die statistiek vir Julie l.l. aantoon dat Port Elizabeth se lewensduurte-indeks 4.8 punte hoër staan as die van Kimberley. Die loon van Tulbagh is slegs 3% minder as die van Port Elizabeth maar 5% meer as dié van Oudtshoorn en Graaff-Reinet en vir Heidelberg meer as vir Riversdal, 20 myl nader aan 'n hawe. Kortom, die l.d.t. van Pretoria, die duurste plek in die Unie, word op Tulbagh of enige kleiner dorpe toegepas.

Dit is die soort beleid wat aan ondernemende mense slapelose nagte besorg, werknemers gebelgd laat voel en 'n stel binnelanders weer sal dwing om 'n Minister sy reis te laat onderbreek en die vraag aan hom te stel (soos met Genl. Smuts rondom 1935 op King Williamstown gebeur het): „Hoekom sit plekke soos Port Elizabeth en Oos-Londen hulle grense uit en Graaff-Reinet, Cradock en ons belewe inkrimping van bevolking?"

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

# Kan Bevryding Beswaarlik Oorleef

**„Observator", Kaapstad, skryf:**

Oostenryk is reeds 5 jaar gelede „'n bevryde land" by Potsdam verklaar. Toe het die groot moonthede, volkome onafhanklikheid aan hom belowe. Hulle wag nog steeds daarvoor.

Intussen is die Kommuniste besig om oproer en betogings te organiseer en wil hulle 'n algemene staking uitroep.

Hierdie klein landjie is seker in staat om nog baie oorloë te oorlewe. Maar geen tweede bevryding nie.

# Filosofie Was Verkeerd

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stoffberg, skryf:**

Genl. Smuts is ook nie meer daar nie. So kom en gaan die mens. Sommer nou die dag nog het hy geroem op sy sterk liggaam wat sy ouers hom gegee het, en nou is daar nie eers 'n graf waar sy beste vriende 'n kransie kan lê nie. Nou probeer mense 'n beskrywing van sy filosofie gee, maar die oorsprong daarvan lê ver terug. Ons het te doen met twee wêreldgedagtes wat onversoenbaar is. Ek het 'n tydlank met genl. Smuts gekorrespondeer oor sy filosofie. Dit het reeds bestaan by die Babiloniërs en die Romeine en later by die Britse imperialisme en is gegrond op die veronderstelling dat die mens in staat is om op eie krag die vrede te bestendig. Daar word gedink aan die eenheid van die mensdom waar militarisme sal verdwyn. Maar na die eerste botsing tussen mens en mens waar Kaïn vir Abel doodgeslaan het, het die geweld in omvang toegeneem en die profete voorspel dan ook dat dit van kwaad tot kwaad sal voortgaan totdat die groot militêre slag sal plaasvind waar die bloed tot aan die perde se tooms sal kom.

As die filosofie van genl. Smuts prakties sou word, sou die profete leuenaars wees. Maar wat is die feite? Na die dood van die Volkebond, wat die vrede sou bestendig, maar dood is weens gebrek aan militêre mag, sous beweer word, is 'n internasionale diktatuur saamgestel waar alle demokrasie regte oorboord gegooi is deur die veto-reg. Hier word die een nasie teen die ander opgesweep. Die vrede is van die aarde af weggeneem. Die pad van die Ooste is oop, want die Eufraat het opgedroog. Dit is duidelik watter van die twee wêreldbegrippe die onderspit gedelf het. Ironies genoeg is genl. Smuts, die beywerar vir wêreldvrede, onder militêre geklank begrawe.

Eers op die Nuwe Aarde, waar nie Stalin nie, maar Christus die hooffiguur sal wees, sal vrede gevind word.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Jeug Vergeet Nog Nie

**Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl., skryf:**

Wat moet die opreggesinde Afrikaner nou dink van die lippetaal en flikflooiery van ons Eerste Minister met die Engelssprekendes van Natal? Ons moet ons verlede doodverklaar en begrawe. Dus genl. Hertzog, pres. Steyn, De Wet, De la Rey, Beyers, ens. is nou vir goed begrawe. Sou dr. Malan dit verlang sodat sy eie verlede ook nie die daglig hoef te sien nie? Dr. Malan, u kan u hoed afhaal vir die Voortrekkertjies wat nog met soveel moed, vaderlandsliefde en heldeverering besiel is dat hulle 'n monument opgerig het vir een van ons vernaamste republikeinse helde, Danie Theron. Die lippetaal beteken dus niks teenoor die standpunt van ons jonggeslag nie en solank ons nageslag met dieselfde ideaal besiel is, kan die Afrikaner met 'n geruste hart die toekoms tegemoet gaan. As oud-lid van die Theron-korps betuig ek namens die korps my hartlike dank en respek teenoor die Voortrekker-organisasie vir hul huldeblyk.

(vervolg van bladsy 3 kolom 3)
daarstelling van 'n gemeenskapraad of „Tweede Volksraad" waarin die verskillende belange volgens hulle soorte verteenwoordig sal wees.

Die goudmynmaatskappye is vandag van ons grootste belastingbetalers, maar het geen direkte verteenwoordiging in die land se wetgewing nie. Indirek oefen hulle natuurlik baie groot invloed uit, veral deur hulle houvas op die plaaslike Engelse pers. 'n Mens kan byna sonder oordrywing sê dat hierdie land twee groepe koerante het, nl. die Afrikaanse koerante en die koerante van die mynbase. Laasgenoemde word hoofsaaklik in Engels gedruk. Daardeur word 'n groot en beslissende invloed op die politiek van die land uitgeoefen. Ook die nuusdiens word beheer deur mense wat goed bekend is in mynkringe, en weet hoe om van hul gesag gebruik te maak.

### ONGESOND

Dit staan dus vas dat die myne wel op 'n **indirekte** manier invloed uitoefen. Deur 'n stelsel van beroeps- en belangeverteenwoordiging kan hulle **direkte** invloed uitoefen en sal die noodsaaklikheid om invloed langs indirekte weë uit te oefen verval. Dit kan veel bydra om ons politieke lewe weer gesond te maak en om die ontwikkeling van die land te bevorder.

**Ons republikanisme beteken in die eerste plaas staatshervorming. Ons neem uit ons verlede alles wat goed is, en wil daarop ons land se toekoms bou. Omdat dit gegroei het op Suid-Afrikaanse bodem is die eie Suid-Afrikaanse staatstelsel tog die beste. Ons sal dit in hierdie land herstel, want dit sal en moet tot die voordeel van almal wees. Dit is ons republikeinse oortuiging en strewe.**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 11 OKTOBER 1950

# AAN HULLE ONS HULDE

Elke volk het sy helde. Daar was helde deur alle eeue heen tot vandag toe. Ook die Afrikanervolk het sy helde en net soos ander nasies voel hy trots daarop om hulle te gedenk.

Ons het helde op baie gebiede van die lewe. Om 'n held te wees, vra nie watter werk jy doen nie, vra nie of jy oud of jonk is nie, vra nie waar jy woon nie, vra nie of jy ryk of arm is nie — daar is baie helde; almal is verskillend van mekaar; daar is geen twee wat eners is nie; ja, helde is interessante mense. Hulle is nie net persone nie; hulle is wat ons kan noem **persoonlikhede**— daarom het ons agting vir hulle. Ons eer ons helde.

In die Afrikaner se volkslewe, terwyl ons nasie gebore is en gegroei het op Afrikaanse grond, het mooi dinge ontstaan, wat net ons eie eiendom alleen geword het en wat anders is as enigiets wat ander nasies in ander lande het. Enkele daarvan is: die egte boereplaas, die Afrikaanse taal, die Afrikaner se geskiedenis en sy eie heldegees.

Hoe is 'n held, kan ons vra? In die hart van 'n held of heldin leef dieselfde wil, gedagtes, ideale, gevoel en geloof wat leef in die hart van sy of haar volk. In sy siel dra die held dieselfde inhoud as wat die volk omdra in sy siel. Sonder dat hy dit altyd weet, is hy 'n verteenwoordiger van sy volk in die diepste sin van die woord.

Helde is mense van die daad. Hulle doen betekenisvolle dinge. 'n Volk se lewe is lank. Dit loop oor tydperke van eeue. Die pad van sy ontwikkeling loop van ver terug uit die verlede, dit gaan hier tussen ons deur, en dit lê in die deinserige vertes van die onbekende toekoms. Die mylpale langs die pad wat almal kan sien, is die volk se helde. Omdat hulle uitstaan op die Pad van Suid-Afrika, bly ons helde altyd voortleef: hulle dwaal nie af nie, en raak dus nie verlore nie. Hulle bly altyd in ons geheue. Deur hulle woorde en dade wys hulle vir ons wat ons volk op sy pad gedink, gesoek, gewaag, verdra, gely en uitgerig het.

'n Held is 'n produk van sy tyd. Die behoefte aan leiers, die nood van mense op een of ander tydstip stoot die held op uit die ander mense rondom hom. Dan tree hy na vorentoe en deur sy dade bring hy tot stand dit waaraan daar behoefte is; hy bring verlossing uit die nood vir sy mense; hy verander selfs soms die soort lewe rondom hom; hy skep die tyd tot iets beters vir sy volk. Hy maak die mense se oë oop vir nuwe waardes wat hulle miskien self effens gevoel het, maar wat hulle nie duidelik kon sien en verstaan nie.

Omdat helde leiers is, gaan hulle voorop langs die pad van die volk. Hulle word gevolg deur mense. Hulle bring boodskappe vir die toekoms. Hulle is sterk mense en is goeie voorbeelde in die lewe. Hulle verryk ons lewe. Omdat hulle lewe en dade ideaal is, idealiseer ons hulle as helde; omdat hulle dade vir ons mooi is, stel ons hulleself in ons geheue altyd voor as mooi mense.

Omdat 'n held dikwels waag, dikwels gevaarlik lewe, is hy bereid om selfs die grootste teenstand te trotseer om sy ideaal te kan bereik. Hy is 'n vegter teen onsimpatieke magte; en dikwels gaan hy onder. Hy word gebreek deur sy vyand; hy word gestenig deur sy teenstanders; maar dit is alles maar tydelik. Sy gees kan nie vernietig word nie; sy dade se betekenis word al hoe groter totdat die nageslag tog vir hom 'n monument ter ere oprig. Sy nagedagtenis word al hoe skoner en al hoe mooier. Dit laat ons dink aan 'n berg wat al hoe mooier word namate ons verder weg daarvan af te staan kom.

So sal ons as Afrikaners ook elke jaar Heldedag vier met al ons helde in gedagte, groot sterk, dapper, en edele kinders, jongmense, vroue en manne — die baie mylpale langs ons geliefde Pad van Suid-Afrika. Hulle name is op die ererol in die hart van die Boerenasie geskrywe.

Hoe heerlik om te weet dat die Here ook aan ons van vandag en aan die nageslagte wat nog kom, die voorreg gee om heldedade te verrig wanneer vir ons die regte oomblik aanbreek!

Hulde aan hulle wat voorgegaan het.

## AANDAG!

Neem asseblief kennis dat die Posadres van die Boerejeughoofkantoor voortaan as volg sal wees

**POSBUS 1411, KAAPSTAD.**

Die vorige nommer (3471) moet dus in die toekoms nie meer gebruik word nie.

Beriggies vir ons Briewekolom, moet julle ook voortaan aan die nuwe adres pos.

## *KLEINGOED AAN DIE WERK*

Onlangs het die Boerejeug van Oudtshoorn besluit om die kleingoed in 'n aparte afdeling in te deel. Die kleinspan laat gladnie gras onder hulle voete groei nie want hulle kom gereeld byeen.

Woensdag, 27 September, was ook nie 'n uitsondering nie. Hierdie keer het die spannetjie die voorreg gehad om die talle interessante voorwerpe in die plaaslike museum te besigtig. Daar was baie dinge waarin die kleinspan belang gestel het, veral die ou grammafoon en draaiorrel. Die offisiere moes net kwaaibaadjie aantrek om te verhoed dat een van die oudjies begin dans. Wat meer in die jongste kêreltjies se smaak geval het, was die kakebeenwa en ou motorkarre.

'n Foto van wyle C. J. Langenhoven asook 'n afdruk van die rapport wat aan die rapportryers van 1949 oorhandig is, is deur een van die offisiere aan die museum geskenk.

Die Boerejeug-kleingoed van Oudtshoorn is net warm en daar kan nog veel van hulle verwag word.

## Ons Kiekie-Album




**Arme dogters — né dogters. O, die seuns is seker op die paradegrond, of hoe!**

# SKIEREILAND SE BOEREJEUG TREK LAER

Ons wou gaan kamp, en ons het gaan kamp. Die week vooraf se reën, die hael wat Vrydag deur die dag nog geval het, selfs nie die modderige dele by die laerterrein kon ons afskrik nie. Op pad van die stasie moes ons wat agter op die vragmotor gesit het, nog onder 'n seil wegkruip om die strome water af te keer. Gelukkig was die tente al opgeslaan en binne-in was alles droog.

Saterdag is deurgebring met speletjies en byna 'n parade wat 'n rampspoedige einde gehad het met die koms van 'n groot swart wolk. In die groot tent was dit in elk geval net so aangenaam. Grapperige voorvalle was ook volop, soos bv. toe Dan die keer vir Anna sien aankom en haar met groot gebare tegemoet gehardloop het. Toe hy voor haar kom moes hy uitvind dat dit gladnie Anna is nie, maar 'n wildvreemde meisie. Siestog! Saterdagmiddag was ons weer almal in die groot tent bymekaar om te hoor hoe Westelike Provinsie deur Transvaal geklop word. Saterdagaand moes ons tevrede wees met 'n kampvuur sonder vuur in die groot tent.

Sondag wou maar nog nie mooiweer wees nie maar so tussen die buie het ons speletjies gespeel en enige iets gedoen wat met so 'n geleentheid gedoen kon word. Die hoogtepunt Sondag was toe almal nog in die kombuis besig was om te eet. 'n Duisternis haelkorreltjies het skielik op die laer afgeskiet en kans vir skuiling soek was daar gladnie. Net waar 'n mens kon sien was die wêreld spierwit, van Winkel se hoedrandjies tot 'n mens se kos in jou bord. Ja, dit was 'n kwessie van „wors-a-la-hael". Dit was toe dat ek gewens het dat Jannie du Toit — of „Professor" soos hy in Pretoria genoem word — daar moes wees.

Sondagaand het ons darem die geleentheid gekry om te doen soos gedoen moet word — 'n lekker ou kampvuur met aangename sang en pret. Na die kampvuur het ons die geleentheid gehad om vir Aletta kwaad te maak, toe ons almal 'n ent op die nuwe pad gaan stap het. Almal wou glo nie hulle arms geswaai het nie — liewer die juffroutjie langs hulle se arm!

Vir vyf van ons het die lekkerste nog voorgelê. Ons moes 'n vragmotor vyf myl ver gaan wegbring en dan terugstap. En dit was daardie stap wat so aangenaam was. Nadat ons by 'n paar kafees aan was is ons al singend terug. By die kamp aangekom het ons almal reeds aan die slaap gevind. Waar vroeër? die kampvuur was het nog 'n paar lokkende kole gelê en nie ver daarvandaan nie was die kombuis met sulke lang stukke wors. Nou ja, wys my enige normale Boereseun wat dié versoeking kan weerstaan.

Soos gewoonlik gaan so 'n laertrek glad te gou verby en dit was ook nie lank nie of die vlagstryking was daar. Pryse vir verdienstelikheid is uitgedeel met spesiale vermelding van Winkel Wilkenson en Jan Kilian. Die laer het onder bevel van Komdt. Bredenkamp en Komdte. Cloete gestaan.

### KOMDTE. RITA HOFMEYER

Verlede naweek op die laertrek het die Boerejeuglede van die geleentheid gebruik gemaak om aan Komdte. Rita Hofmeyer van die Paarl 'n bos blomme te stuur. Elkeen het die kans gekry om haar of sy naam neer te skryf en 'n bydrae te gee vir dié blomme. Komdte. Hofmeyer wat onder alle Boerejeuglede hier in die Suide goed bekend en bemind is lê op die oomblik siek in haar huis in die Paarl. Ons wens haar alle beterskap toe en hoop dat sy binnekort weer tussen ons sal wees.

# BRIEWE-KOLOM

Maats adresseer maar nog altyd hulle briewe na Kaapstad in plaas van na Stellenbosch. Erens op hierdie bladsy is die regte adres waarheen alle briewe van maats gestuur moet word.

Van die Paarl skryf Gannabos oor die kamp: „Hierdie naweek het die Boerejeug weer bymekaar gekom op Bellville. Dit was 'n baie suksesvolle kamp in die vreeslike reën. Die kamp het Vrydag begin. Vrydagnag het ons baie koud geslaap want dit het erg gereën. Sondagoggend het Michael en Freddie daar opgedaag. Michael het met 'n sleg vooruitsig geëet want hy moes potte skuur."

Van Rooidam, Pk. Braamrivier, skryf Hannie Ferreira van die skoolwerk, eksamen, van die lekker reën wat daar geval het en hoe mooi die vrugteboombloeisels op hul plaas is. Sy is glo besig om maatjies te kry wat aan ons wil skryf. 'n Baie mooi gedagte. Haar Boetie, Willie, is sewe jaar oud en in Sub. Std. A en hy skryf aan ons 'n mooi briefie van hul drie mooi perde en van die konsert wat hulle skool gaan hou. Hy gaan glo 'n voordrag lewer. Ons hoop om weer van jou te hoor.

Veldk. Finkel Bothma van Oudtshoorn stuur aan ons die beriggie van die Boerekleingoed wat nou onder sy bevel staan. Hy hou ook baie van die kiekie wat ons elke week plaas.

Totsiens.

**Leen u ook DIE BOEREJEUG aan u vriende om te lees?**

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

# Republikeinse Grondwet Was Eenheidsband

**In sy kongrestoespraak op Kimberley verlede week het dr. Malan verwys na die republikeinse konsepgrondwet wat in 1941 deur die Eenheidskomitee aan hom vir bewaring en propagering gegee is en wat hy in 1942 volledig gepubliseer het o.a. as „'n aanduiding van die algemene rigting" van die party.**

Dr. Malan het gesê dat die dokument opgestel is deur 'n kring wat geen opdrag van spr. gehad het nie. Hy het niks daarvan geweet nie. Hy het dit met 'n begeleidende brief ontvang dat hy daarmee moet maak wat hy wil. Hy het dit nie eens met partyleiers bespreek of aan bestuursliggame of kongresse voorgelê nie. Toe kom die O.B. om die Nasionale Party te vernietig en as Afrikanerorganisasie op te tree. Die O.B. het die dokument aangekondig as die beleid vir die toekoms. Spr. het die ooreenkoms met die O.B. verbreek en self die dokument openbaar gemaak ten einde aan partylede die gronde van die geskil tussen die party en die Ossewabrandwag te toon.

Dr. Malan se verwysing na die republikeinse grondwet spruit voort uit die aanhaling van gedeeltes daarvan deur die Engelse pers waardeur hulle probeer aantoon dat dr. Malan nou 'n ander houding teenoor die Engelssprekendes en die demokrasie verkondig as nege jaar gelede.

**Wanneer hierdie „Republikeinse Grondwet" verloën word, is dit 'n belangrike saak, te meer wanneer konsiliasie met die Engelse die motief daaragter is. Die Grondwet was wel 'n konsep, en dus onderhewig aan moontlike wysiging, maar die beginsels daarin opgeneem was die gemeenskaplike fondament vir Afrikanereenheid in 1941 en behoort ook die fondament vir die toekoms te wees.**

Wat was nou die posisie in verband daarmee?

### GRONDSLAG

In 1941 het die nie-partypolitieke volksorganisasies onder leiding van prof. L. J. du Plessis 'n grondslag vir samewerking van alle Afrikaanse volks- en politieke organisasies uitgewerk. Hierdie grondslag het sekere **„onontbeerlike beginsels"** bevat wat in 'n „Verklaring" namens die volksorganisasies aangestip is en waarin onder meer verklaar word: **„Die staatstelsel mag nie op vreemde lees geskoei wees nie. Dit moet wegbreek van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend, en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republieke, met die nodige aanpassing in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange."**

### GRONDWET

Hierdie staatstelsel is breedvoerig uitgewerk in 'n afsonderlike dokument bekend as die „Grondwet vir Republiek van S.A." Hierna is dr. Malan deur die voorlopige Eenheidskomitee genader om sy party se samewerking te gee, **en wel nadat die voorbereidende werk in samewerking met die „leierskomitee" van die H.N.P. voltooi is.**

Dr. Malan se antwoord het gelui:

**„Ek het u verklaring namens die genoemde volksorganisasies sorgvuldig oorweeg en aarsel vir geen oomblik om dit heelhartig te aanvaar nie . . . . ."**

### IN OORLEG

Onder die opskrif „Besluite van Voorlopige Volkseenheidskomitee **in Oorleg met H.N.P. of V. en O.B."** verklaar die voorsitter van die komitee, prof. L. J. du Plessis, in die gepubliseerde verklaring oor wat bereik is onder andere die volgende:

„8. **Gemeenskaplike Beleid.** As leidraad vir die vasstelling van gemeenskaplike beleid aanvaar al die gekoördineerde liggame die **Eenheidsverklaring en Grondwet** wat deur die voorlopige Eenheidskomitee opgestel is."

**Die Grondwet is aan dr. Malan „toevertrou . . . om te oorweeg en leiding te gee by verdere bespreking en publieke propagering daarvan."** (Verslag van voorsitter bladsy 11).

Toe die O.B.-leiding 'n paar weke later 'n opsomming daarvan in 'n omsendbrief (1/41) versprei het, het dr. Malan die O.B. beskuldig dat hy op die party se terrein gekom het en dit het die aanleiding gegee tot die uiteindelike skeuring.

### „HOOFBEGINSELS AANVAAR"

Op 23 Januarie 1942 is die „Grondwet" op gesag van dr. Malan volledig gepubliseer „veral ook met die oog op die ongeoorloofde gebruik wat vroeër van gedeeltes daarvan gemaak is."

Ter inleiding is opgemerk dat 'n vergelyking tussen die stuk en die party se program van beginsels sowel as dr. Malan se republikeinse mosie in die parlement **„baie duidelik sal aantoon dat die party en sy hoofleier die skema in sy hoofbeginsels en in sy wye omtrekke aanvaar het"** en dat dit geneem kan word **„as 'n aanduiding van die algemene rigting wat die Party reeds ingeslaan het."**

**Ons vind dit baie jammer dat dr. Malan homself en sy party tans probeer losmaak van hierdie gemeenskaplike republikeinse grondslag wat vroeër as 'n band vir Afrikaner-samesnoering gedien het, want dit behoort dit nog te wees in die toekoms. Ons moet liewer gemeenskaplike bande met Afrikaners bewaar en versterk as om gemeenskaplike bande met die Engelssprekendes te gaan soek ten koste van die eie bande.**

# FEITE EN STELLINGS

Ons moet ons nie deur hierdie soort bewerings (nl. dat die opkomende geslag se Engels te swak is) laat mislei nie. By die Afrikaanssprekende Afrikaner moet Afrikaans die eerste plek inneem met die ander landstaal in die tweede plek. Die tweede landstaal moet met die tweede plek tevrede wees en hy moet daar bly of met dwang daar gehou word.—dr. G. G. Cillié op kongres van F.A.K.

* * *

Ruweg word bereken dat die netto-inkomste van Afrikaanssprekendes tans sowat £350 miljoen per jaar is. Die getal Afrikaanssprekendes werksaam in alle beroepe het in die afgelope tien jaar van 50 tot byna 53 persent van die totaal gestyg. In die handelsberoepe alleen het die Afrikaners van 1936 tot 1946 van 22.17 persent tot 30.24 persent van die totaal toegeneem. Die totale blanke bevolking van die Unie sal, op grond van sensussyfers, tussen 1946 en 1961 toeneem van 2,373,000 tot 3,260,000. Volgens die sensus van 1946 is daar twee Afrikaanssprekende kinders vir elke Engelssprekende kind in die ouderdomsgroep nul tot sewe jaar.—Prof. dr. C. G. W. Schumann op Ekonomiese Volkskongres.

* * *

In die wolstreke is 'n ontvolking aan die gang, en dit kom deur rykdom. Ons ontwikkel in die rigting dat ons later groot grondbesitters gaan hê wat die hele land beheer.—Mnr. D. J. G. van den Heever op Ekonomiese Volkskongres.

Die grootskeepse opkoop van grond deur vermoëndes in die Unie het ontwikkel tot 'n euwel.—Min. S. P. le Roux op H.N.P.-Kongres.

* * *

Waar die stelsel van aansporingslone ingevoer is, het nywerhede se produksie tot 60% gestyg, terwyl die lone van die werkers verdubbel het.—Min. B. J. Schoeman op H.N.P.-Kongres.

* * *

'n Gees is in die land vaardig wat 'n mens laat huiwer. Elkeen wil so veel geld as moontlik verdien vir so min diens as moontlik. Waar daar soms 'n neiging bestaan om meer en meer te wil hê vir minder en minder, sal dit goed doen om te besef dat nie meer ontvang kan word as wat gegee word nie.—Prof. W. H. van der Merwe op Landbou-tentoonstelling, Porterville.

* * *

Afrikaanse werkgewers verskaf vandag werk aan 25,000 tot 30,000 meer blanke werkers as tien jaar gelede. Daar bestaan vandag tussen 9,000 en 10,000 Afrikaanse handelsondernemings. Hoewel die Afrikaner maar pas tot die fabriekswese toegetree het, beheer hy reeds 6 persent daarvan. Daar is vandag sowat twintig Afrikaanse geldinrigtings wat ongeveer £70 miljoen beheer, maar dit is nog maar een-sesde van die totale bedrag in gewone kredietinstellings.—Dr. N. Diederichs op Ekonomiese Volkskongres.

# Taktiese Suksesse Geen Waarborg

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

danig innerlik te versterk dat hy die suigkrag verkry om 'n nasionale standpunt te word, soos in die V.S.A. die **American way of Life** nie, dan faal ons in ons roeping in Afrika en lewer die toekoms oor aan andersdenkende onkundiges. Per slot van rekening is geloof onontbeerlik, dog in staatkunde ook onvoldoende, sonder 'n aansteeklike geldingsdrang. Ons lewensbeskouing moet die dinamiek van 'n epidemie hê. Opgesluit in 'n partysel is dit so vry soos 'n prisonier.

Ons durf nie immer ronddool agter die taktiese suksesse van verkiesingsoorwinnings aan nie, hoeseer hulle beperkte welslae ons ook mag streel nie.

### DIE REPUBLIKEINSE STRYD

Die beperkings van 'n partyregering is alte duidelik.

Na talle verkiesingsoorwinnings van die huidige regerende party word tans 'n nuwe Goewerneur-generaal aangestel. Die keuse is onberispelik goed. Beter vir die betrekking as dr. Jansen kan daar nie wees nie. **Maar kon daar nie 'n beter betrekking vir dr. Jansen wees nie?** Na die Eerste Wêreldoorlog reeds was hy lid van die vryheidsafvaardiging wat oorsee gegaan het. Tans na jare van diens bereik hy die beste wat 'n republikeinsgesinde regering hom kan aanbied: die aanstelling as verteenwoordiger van Sy Majesteit.

Die feit dat ons as Afrikanerdom nog nie verder kon kom nie is nie slegs die gevolg van die bande met die Ryk nie. Ons vermoë om tot staatkundige onafhanklikheid te kom is ook die oorsaak van die lang lewensduur van die Ryksbande.

### DIE GEBREK

Die fout blyk duidelik: **ons kon nog nie die ander blanke groep, wat in die V.S.A. vanselfsprekende republikeine sou wees, van die reg van die republikeinse saak hier te lande oortuig nie. Agter hulle partyvestings verskans bly hulle die aanbidders van die Ryk. Agter ons partyvestings bly ons magtelose republikeine. Strategiese suksesse vir die stryd om 'n republiek bly nog uit. Heel tereg sê dr. Malan dat dit op die breë volkwil moet gevestig word. Dié fondament ontbreek nog.**

### O.B. SE ROEPING

**Die O.B. se roeping is duidelik: om nie na taktiese oorwinnings alleen te kyk nie maar anderkant môre en oormôre die strategiese weg aan te dui. Die saldo onderaan die balansstaat is belangriker as die wins of verlies op 'n enkele transaksie.**

WAARDE
KWALITEIT
VERSKEIDENHEID
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.




„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.